# Week 5: Jou lewe is verbind aan Jesus

## Dag 1: Jy het gesterwe saam met

# Christus

> *Lees Kol 2:6-23 en 3:1-4*

Hierdie week staan jy by ’n baie belangrike beginsel stil: die implikasie van die feit dat jy aan Christus verbind is. Anders gestel: Watter verskil maak Christus se sterwe en opstanding prakties aan jou as gelowige?

’n Mens kan jou nogal verwonder daaroor dat Paulus so stellig kan wees oor die saak: “Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood …” Jy weet tog dat jy nie dood is nie, en dat jou ou natuur, die ou, sondige, dwarstrekkerige kant in jou, alles behalwe dood is. As dit waar was, sou jy nie ’n gedurige stryd teen sonde en versoeking gehad het nie, nie waar nie?

En tog sê Paulus onomwonde: Jy het saam met Christus gesterwe en is dood vir die wêreld en die wêreldse manier van dink en doen. Want hy weet dat dit een ding is om iets te glo, en ’n heeltemal ander ding om dit te leef. Want voordat jy dit kan leef, moet jy dit eers bedink. Jy moet nuut dink oor jouself en wie jy in Christus eintlik is. Dit is hoekom Paulus in Romeine 12:2 skryf dat ons moet toelaat dat God ons verander deur ons denke te vernuwe.

Jy moet nuut dink oor jouself; jouself op ’n nuwe manier verstaan. Jy moet verstaan dat jou ou mens in Christus dood is, en jy moet ophou om te reageer op die bevele wat jy van jou ou mens ontvang. Dan eers sal jy nuut en anders kan leef.

> *Gebed: Dankie, Here Jesus, dat ek saam met U gesterf het en dood is vir die ou dinge.*

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar

## Argief



© Bybelkoerant 2018 – 2026